

KODE VIR BESTE PRAKTYK:

Algemene beste praktyke vir skaapboere

➔ deur Gawie van Wyk

As deel van 'n reeks adviesartikels geskoei op die wolbedryf se Kode vir Beste Praktyk, fokus hierdie artikel op algemene bestebestuurspraktyke vir skape, veral ten opsigte van dieregesondheid en -welsyn. Want as jou skape gesond, gemaklik en gelukkig is, dan sal jou beursie ook wees.

'n Groot aantal voorkomende boerdery- en bestuurspraktyke is nodig om produksie en verliese as gevolg van siektes in die boerderybesigheid te beperk. Sekere noodsaaklike praktyke en maatreëls kan vir 'n kort tyd groot ongemak by diere veroorsaak. Enige praktyk wat pyn veroorsaak, moet dus uitgevoer word om so min as moontlik ongerief te veroorsaak –

en ook slegs wanneer daar nie 'n praktiese alternatief beskikbaar is wat die gewenste resultaat sal lewer nie.

Bestuursprosedures moet deur 'n opgeleide persoon uitgevoer word en korrekte higiëniese voorsorgmaatreëls moet telkens getref word. Hier volg algemene maatreëls wat elke trotse skaapboer moet gehoorsaam om sy diere se gemak en gesondheid te kan verseker:

(BLAAI OM)



Foto: Dr. J. van der Bedford Sheep shearing & Motilda 035 (1)

AFSIT VAN STERTE

Navorsing toon dat die afsit van lammersterste 'n aansienlike verlaging in brommeraanvalle tot gevolg het en geen negatiewe effek op produksie en lamoorlewings het nie. Die volgende metodes kan gebruik word:

- 'n Gasverhitte tang om lammersterste af te sit word as voorkeurmetode aanbeveel. Die metode steriliseer en brand die are doeltreffend toe op die afgesnyde punt.
- Sterte kan ook afgesit word deur 'n skerp mes te gebruik.
- Die eenvoudigste manier om die stert af te sit is om van 'n rekkie gebruik te maak wat deur 'n rekkietang om die stert gesit word. Dié manier is bloedloos. Die stert val binne sewe tot 10 dae af.

Die oorblywende stert moet lank genoeg wees om 'n ooi se uitwendige genitalieë en die ram se anus te bedek. Sterte wat te kort afgesit word, beskadig die ringspiere rondom die anus en kan rektale uitsakking veroorsaak.

KASTRASIE

Die kastrasie van ramslammers word slegs regverdig as hulle tot ná seksuele volwassenheid op die plaas gehou word. Die gebruik van 'n kastreertang word as voorkeurmetode aanbeveel, mits dit deur 'n bekwame persoon gebruik word. 'n Alternatief is om 'n rekkie om die nek van die skrotum te plaas. Die skrotum sal verdroog en binne twee tot drie weke afval. Dié metode is wel pynlik en behoort vanaf twee

weke ouderdom gedoen te word en nie later as ses weke nie.

Lammers kan die tetanuskiem optel nadat sterte afgesit is of ná kastrasie, daarom behoort ooie voor lamtyd ingeënt te word, wat dan immuniteit by lammers verseker.

VERSORGING VAN KLOUTJIES

Kloutjies van skape kan uitgroei, veral op sagte grond en weidings. Dit verswak 'n dier se loopvermoë en daarom moet die kloutjies geknip word wanneer nodig.

KNIP VAN HORINGS

Dit is soms nodig om horings by sommige skape terug te knip om beserings te beperk, die vloei van skape in drukgange te bevorder en om beserings deur ingroei horings te beperk.

LAMTYD

Ooie moet toegelaat word om met so min as moontlik inmenging te lam. Wanneer dit noodsaaklik is om ooie tydens geboorte by te staan, moet sorg gedra word dat dit gedoen word deur 'n bekwame persoon wat goeie higiëniese praktyke en aanvaarbare tegnieke toepas. Dit neem ongeveer ses

ure vir 'n ooi om, nadat sy gelam het, haar lam te herken en om 'n band met die lam te vorm. 'n Kort lamseisoen, die skandering van ooie en die identifisering van meerlinge en lamperiodes vergemaklik lambestuur.

SKEER VAN SKAPE

Skape moet verkieslik deur opgeleide skaapskeerders geskeer word. Onnodige hantering van skape moet vermy word. Pas geskeerde skape moet waar moontlik nie aan uiterste weersomstandighede blootgestel word nie. Skeerwonde moet behandel word om infeksies en brommeraanvalle te voorkom. Dit is belangrik om die oordrag van siektes tydens skeer te beperk. Die korrekte ontsmettings- en higiëniese prosedures moet gevolg word om die verspreiding van aansteeklike siektes deur middel van skeertoerusting en skeerders binne of tussen kuddes te voorkom.

MULESING (VERWYDERING VAN STERTVEL-VOUE)

Hierdie operasie as praktyk is onaanvaarbaar en mag nie in Suid-Afrika toegepas word nie. 🚫

Geneem uit die Kode vir Beste Praktyk, aflaaibaar by die skakel: <http://www.capewools.co.za/view-pdf/17/2/cape-wools-code-of-best-practice#PDF/>.

Alternatiewelik, maak gebruik van die QR-kode:

